

FANTASIE (VOLKSVERHALE)

(’n Letterkundige genre voorgeskryf deur KABV Gr 7-9)

1. Kernletterkunde vir die multi-kulturele klaskamer

Kernliteratuur behels stories wat die aktiwiteite en ervarings van **menswees** wat gedeel word deur mense in ’n gemeenskap, uitbeeld. Dit sluit in **basiese** behoeftes, vermoë om te groei, te voel, te kommunikeer, die werklikheid deur die verstand te beheer en ’n geestelike **dimensie** te beleef. Kortom: ’n kernliteratuur kom uit ’n kernkultuur en word ook volksverhale genoem. Die **tipe** literatuur wat hierdie inherente deel van menswees verwoord, sluit **fantasierhale** in.

2. Fantasierhale

Definisie

Die woord *fantasie* is afgelei van die Latynse phantasticus, en gaan selfs nog verder terug na ’n Griekse woord wat beteken: dit wat **sigbaar** gemaak word.

Kenmerke

Baie mense het ’n **wanbegrip** van die ware aard van die fantasierhale. Hulle glo dat enigiets hier moontlik is. Dit kan **onlogies** wees, en die **aard** van die karakters so onbeprek as wat die skrywer se verbeelding toelaat. So sal die fantasierhale egter geen betekenis hê nie.

Elemente uit die sigbare werklikheid word verander in die **droom** wat terselfdertyd fantasie is. Grense word opgehef en nuwe vryhede geskep. Dan keer die mens **sinvol** terug na die realiteit.

- Enige wordskepper neem eerstens die **primêre werklikheid as afspringplek en omskep dit dan met behulp van verbeelding of fantasie**.

Die **primêre** wêreld bly die verwysingsraamwerk, en alles waarmee die wordskepper omgaan, sluit daarby aan. Binne hierdie raamwerk skep die verteller **wesens** wat nie bestaan nie, gebeurtenisse wat nie kan gebeur nie, **kreature** wat die wordskepper self vir die eerste keer laat leef.

Die sigbare, sintuiglike en wetenskaplik meetbare werklikhede kan nie al wees waaruit die skepping saamgestel is nie. Dit sluit ook in die menslike gees met alles wat dit **behels** en wat sigbaar gemaak kan word. Fantasie gaan dus om die mens self, al is dit net ’n sekondêre werklikheid geskep om verligting te **ervaar**, om verheldering en insig te gee weens die distansiëring wat plaasvind.

Die fantasie moet met die werklikheid ooreenstem, d.w.s. dit moet aanvaarbaar, logies, konsekwent en moontlik wees. Die **skeidslyn** tussen werklikheid en fantasie is baie **dun**. Die mens is ’n wese met geestelike vermoëns, en sy verbeeldingswêreld is ’n werklikheid. Ons praat dus van die **reële** werklikheid en ’n fantasiewerklikheid. Onthou dat albei werklikhede is. Vir die kind is daar dikwels ’n vaer onderskeid tussen die twee werklikhede. Dit is ook belangrik om te besef dat die mens fantasie gedurig aan die reële werklikheid toets. Vrae soos: Is dit waar? Het dit werklik gebeur? kom spontaan voor by veral kinders. Vandaar die rede waarom die fantasierhale die nodige beperkinge het.

- Die tweede element van fantasie is **drome en die skakeling daarvan met die onderbewuste**.

Die mens se drange, begeertes en pogings om oplossings te vind, word uit die **bewuste** oorgeplaas na die onderbewuste en deur drome **simbolies** uitgesorteer. Daar is ook trekke

van die **absurde** en surrealisme wat 'n nagmerriekwaliteit het en nie van fantasie losgemaak kan word nie.

Oorspronklikheid is uiters belangrik. In die fantasieverhaal gaan dit om die verbeeldingswêreld wat los staan van die stereotiepe. Oorspronklikheid by die **outeur** stimuleer weer die **verbeelding** van die leser. Daar moet beklemtoon word dat oorspronklikheid nie beteken dat tradisionele fantasiefigure (kabouters, hekse, towenaars) nie meer in verhale mag voorkom nie. Dit is wel belangrik dat die outeur hulle op 'n oorspronklike, **nuwe wyse** hanteer. 'n Geslaagde fantasieverhaal is een wat die kind met nuwe oë na die fantasiekarakters laat kyk en hom prikkel deur die andersheid daarvan.

- 'n Element wat algemeen aanvaar word as onlosmaaklike bestanddeel van fantasie is **towery, die toweragtige of magiese**.

As mag is towery onpersoonlik, maar dit word in werking gestel (uitgebeeld) deur 'n karakter – met goeie of slegte gevolge vir die held/heldin.

Toorkrag is onderworpe aan streng wetmatighede en kan alleen plaasvind binne die woordwerklikheid wat geskep word. Slegs een karakter het bv. die mag om (onder bepaalde omstandighede) te toor. Dit is 'n **gawe** wat eenmalig (of moontlik **drie** keer) aan die karakter toegesê word. (Die getal drie is in die letterkunde altyd betekenisvol/simbolies en in 'n fantasieverhaal speel dit dikwels 'n **magiese** rol.)

- **Taalgebruik** is die instrument wat die woordkunswerk skep – daarom skuil daar **poëtiese krag** in fantasie.

Inkantasies en/of refreine kom dikwels voor en kan terselfdertyd as **motief** 'n fantasieverhaal tot eenheid bind. Dit kan ook saamhang met 'n toor-element: om toorkrag in werking te stel, moet sekere woorde (bv, 'n rympte) presies herhaal word.

- **Karakters in fantasieverhale word nie baie genuanseerd en vol geteken nie**, omdat dit nie eerstens om hulle gaan nie.

Sowel karakters as gebeure illustreer 'n dieper waarheid (lewensiening) wat op onderbewuste **vlak** aan die leser/hoorder deurgegee word. Tog is hulle nie blote vlak en vervelige figurante nie. Veral die hoofkarakter moet oortuig en duidelike skakels met die primêre wêreld hê. Noodsaaklik is dat die karaktertrekke funksioneel moet wees ten opsigte van die geheel – dit moet 'n **doel** hê, al is dit net om **humor** te bewerkstellig of te bewys dat logiese menswerklikheid ophef kán word.

- **Vertellerperspektiewe** word in die geslaagde fantasieverhaal gegee om **universele waardes** in die regte lig te stel.

Die fantasiekarakters verteenwoordig in die eerste plek hierdie **absolute waardes**. 'n Lelike feetjie en 'n mooi heks is ondenkbaar, want elkeen is juis 'n verteenwoordiger van die teenoorgestelde waarde. Waar dit egter wel voorkom (soos by *Liewe Heksie*) dien die teenstellende eienskap juis om die **normale** eienskap te beklemtoon. Die andersheid van die een beklemtoon die eendersheid van die ander.

(a) Die **perspektief** waaruit vertel word, is hier baie belangrik. 'n Volwasse verteller kan 'n blik op gebeure gee sodat die leser of luisteraar bewus is van 'n volwassene se simpatieke meelewing met wat daar gebeur – mits dit nooit neerbuigend of **prekerig** gedoen word nie. Ook waar daar vermenging is van werklikheid en verbeelding, moet die een werklikheid nie as minder- of meerderwaardig t.o.v. die ander uitgebeeld word nie.

(b) 'n Oortuigende voorstelling van **fantasieruimte** is nodig, of dit nou deur 'n verteller of 'n karakter beleef of waargeneem word. As 'n klein figuurtjie (soos 'n dwergie) optree, moet alle voorwerpe groter as lewensgroot voorgestel word om 'n oortuigende indruk te maak.

(c) Ook die **tyd** moet andersoortig deur die karakters belewe word as die skrywer/verteller wel die intensie het dat fantasie die realistiese tyd moet aantast. Dit word deur die oordra van karakters se beleving bewerkstellig. Tyd kan ook opgehef word, in dié sin dat karakters hoegenaamd nie bewus is van die verbygaan of stilstaan van ure nie. Dit pas by die kind – en dus by sy fantasiebeleving – as 'n tydlose **hede** betrek word.

(d) Die **gebeure** wat in 'n fantasieverhaal afspeel, kan wegbeweeg na 'n vreemde wêreld, of dit kan in die realiteit begin en selfs eindig – met 'n duidelike inspelning van fantasie in die middelgedeelte. Dit is ook moontlik dat **episodes** mekaar opvolg in 'n steeds kenbare werklikheid. Tog word iets deurgegee in 'n sogenaamde toevalligheid van gebeure, deur 'n magiese **sfeer** of deur die toweragtige inset wat 'n leser/luisteraar bewus hou van die mens se wens na "anders en meer" as die primêre werklikheid. Gebeure volg mekaar gewoonlik chronologies op. In die Afrika-fantasieverhale is daar egter dikwels 'n **sikliese** tydsopvolging moontlik.

(e) Fantasie kan ook gepaard gaan met **gevoelens** soos angs en nuuskierigheid, mits dit speels en selfs deurlig met humor is. Verder speel die leser/luisteraar se nuuskierigheid 'n rol. Gebeure kan dus skrikwekkend en/of **misterieus** wees.

- 'n **Hegte konstruksie** is ook 'n kenmerk van die geslaagde fantasieverhaal.

Die nodige beperkinge moet egter op die fantasieverhaal geplaas word om te keer dat die gebeure uitgereken word en lei tot 'n losse **konstruksie**. Die fantasieverhaal, soos enige ander verhaal, vorm 'n **hegte** eenheid wat alles bevat wat dit moet bevat, maar ook niks meer nie.

Bostaande is 'n uittreksel en verwerking van die volgende bron:

https://af.wikipedia.org/wiki/Tradisionele_literatuur

Geredigeer deur Marianne Strydom



Klik op bostaande prent om te sien watter blokkiesraaisels reeds op LitNet gelaa is

Loer **hier** vir 'n volledige indeks van **hersieningsvraestelle en memo's** wat LitNet bied en wat kan help met voorbereiding vir die eksamen.